
LAERSKOOL MIKRO




# Die rooi hennetjie

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Daar was eendag 'n varkie, 'n kat, 'n eend en 'n klein rooi hennetjie wat saam in 'n huisie gewoon het. Die varkie, die kat en die eend was baie lui en wou nooit met die werk in en om die huis help nie. Dus moes die klein rooi hennetjie alles self doen.







Laerskool Mikro Kopiereg ©



Op 'n dag toe die klein rooi hennetjie die tuin hark, vind sy saadjies. "Wie gaan my help om hierdie graankorrels te plant?" vra sy.

"Nie ek nie," sê die varkie.

"Nie ek nie," sê die kat.

"Nie ek nie," sê die eend.

"Dan sal ek dit self doen," sê die klein rooi hen. En dit doen sy toe.





Laerskool Mikro Kopiereg ©

Sommer gou-gou groei die graan en kry 'n pragtige goue kleur. "Wie wil my help om die graan te oes?" vra die rooi hennetjie.




"Nie ek nie," sê die varkie.

"Nie ek nie," sê die kat.


"Nie ek nie," sê die eend.

"Dan sal ek dit self doen," sê die klein rooi hen. En dit doen sy toe.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

Toe die graan ge-oes is en reg is om tot meel gemaal te word, vra die klein rooi hen: “Wie wil my help om die graan na die meule te neem?”



“Nie ek nie,” sê die varkie.

“Nie ek nie,” sê die kat.

“Nie ek nie,” sê die eend.

“Dan sal ek dit self doen,” sê die klein rooi hen. En dit doen sy toe.





Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO


Toe die meel van die meule af terug kom, vra die klein rooi hennetjie:
"Wie wil my help om brood met die meel te bak?"

"Nie ek nie," sê die varkie.

"Nie ek nie," sê die kat.

"Nie ek nie," sê die eend.

"Dan sal ek dit self doen," sê die klein rooi hen. En dit doen sy toe.














Laerskool Mikro Kopiereg ©

Met die meel maak sy deeg.




Sy knie die deeg tot 'n brood.



En sy bak dit in die oond.



Laerskool Mikro Kopiereg ©


Toe die brood gebak is, neem sy dit uit die oond. Mmmmm! Dit ruik so lekker! “Wie wil my help om die brood op te eet?”vra die klein rooi hennetjie.


“Ek sal,” sê die varkie.

“Ek sal,” sê die kat.

“Ek sal,” sê die eend.

“O nee, daarmee gaan julle my nie help nie!” sê die klein rooi hennetjie.






Laerskool Mikro Kopiereg ©

"Ek het die saadjies gevind. Ek het dit geplant. Ek het die plantjies water gegee en die graan ge-oes. Ek het die graan na die meule toe gevat. Ek het alleen brood van die meel gemaak en nie een van julle drie het my gehelp nie. Ek moes alles self doen en nou gaan ek die brood alleen opeet."

En dis toe presies wat sy gedoen het.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Die einde…





Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Vrae:

1. Oor wie gaan die storie?
2. Hoeveel diere bly saam in die huisie?
3. Watter saadjie het die hennetjie geplant?
4. Wat het sy gemaak met die graan wat gegroei het?
5. Dink jy dit was mooi wat die diere gedoen het? Hoekom sê jy so?
6. Waarmee wou die ander diere die hennetjie help?
7. Dink jy die hennetjie moes vir die ander diere van die brood gee en hoekom sê jy so?





Laerskool Mikro Kopiereg ©